# Finansiele state: ontleding en gebruik vir besluitneming*

Siyavula Uploaders

This work is produced by OpenStax-CNX and licensed under the
Creative Commons Attribution License 3.0†

## 1 EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

## 2 Graad 9

## 3 BESTUURS-, VERBRUIKERS- EN FINANSIËLE KENNIS EN VAARDIGHEDE

## 4 Module 24

## 5 FINANSIËLE STATE: ONTLEDING EN GEBRUIK VIR BESLUITNEMING

AKTIWITEIT 1:

Om finansiële state te ontleed

[LU 3.5]

Die finansiële state word gebruik as maatstawwe om die finansiële toestand en die finansiële resultate van 'n onderneming te bepaal.

Finansiële syfers, soos vervat in die finansiële state, sê vir buitestaanders gewoonlik nie veel nie. Om dit nuttig te gebruik moet dit vergelyk word met die resultate van vorige jare of met die resultate van ander ondernemings wat dieselfde bedryf beoefen.

Verder is dit gerig op die bepaling van verhoudings en tendense.

Die volgende verhoudings kan gebruik word by besluitneming:

1. Likiditeit:

Dit is die vermoë van die onderneming om sy verpligtinge te kan nakom en word uitgedruk as die verhouding bedryfsbates teenoor bedryfslaste.

Bedryfsbates : Bedryfslaste

40 000 : 16 000

2,5 : 1

Dit dui 'n goeie likiditeit aan aangesien die norm 2:1 is.

2. Rentabiliteit:

Dit dui die winsgewendheid van die onderneming se fondse wat in hom belê is aan en word soos volg bereken.

$\frac{\text{NettoWins}}{\text{Kapitaal}} \times \frac{100}{1} \frac{20000}{200000} \times \frac{100}{1} = 10\%$

Indien die persentasie beduidend hoër is as die huidige bankkoers van $\pm 15\%$ is die rentabiliteit goed.

3. Solvabiliteit:

*Version 1.1: Aug 31, 2009 3:35 am -0500

†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Dit dui die mate aan waarin die onderneming se totale bates sy totale laste oorskry. Dit word as volg bereken.

Totale Bates : Totale Laste
50 000 : 20 000
2,5 : 1
Die solvabiliteit is goed aangesien die norm waaraan dit gemeet word gelyk is aan 2:1.
OPDRAG:

- **Maak gebruik van die inligting wat hieronder gegee word om die volgende te bepaal** :

(a) Rentabiliteit
(b) Solvabiliteit
(c) Likiditeit
Lewer kommentaar op elkeen se antwoord en gee redes waarom dit goed of swak is.

- Die Netto Wins van die onderneming is R35 000
- Die kapitaal is R100 000
- Vaste Bates is R90 000
- Bedryfsbates is R30 000
- Bedryfslaste is R10 000

## 6 Assessering

| Leeruitkomstes(LUs) |
|---|
| |
| LU 3 |
| Bestuurs-, Verbruiker- en Finansiële Kennis en VaardighedeDie leerder is in staat om kennis en die vermoë te toon om verskeie bestuurs-, verbruikers- en finansiële vaardighede toe te pas. |
| Assesseringstandaarde(ASe) |
| |
| Ons weet dit as die leerder: |
| 3.1 ‘n basiese inkomstestaat en balansstaat vir ‘n diensverskaffings- en kleinhandelbesigheid opstel; |
| 3.2 verskillende sakeondernemings se strategieë en optrede ondersoek ten opsigte van openbare betrekkinge, sosiale verantwoordelikheid en omgewingsverantwoordelikheid; |
| 3.3 kontant- en krediettransaksies in die boeke van diens- en kleinhandelondernemings doen; |
| 3.4 toetsbordvaardighede en funksietoetse gebruik om sakedokumente te ontwikkel, te bewaar, te herwin en te redigeer; |
| *continued on next page* |

| |
|---|
| 3.5 finansiële state ontleed vir besluitneming op ‘n basiese vlak; |
| 3.6 tussen verskeie vorms van kredietaankope en metodes van betaling kan onderskei. |

**Table 1**

## 7 Memorandum

AKTIWITEIT 1

(a) Rentabiliteit :

$\frac{\text{NW}}{\text{Kapitaal}} \times \frac{100}{1}$

$\frac{35000}{100000} \times \frac{100}{1}$

$= 35\%$

Baie goeie rentabiliteit gemeet aan ‘n bankkoers van 15%.